



GRONDWETWYSIGINGSPROSEDURE GEDURENDE DIE BERAADJAAR

DOEL: Elke lid kry hierdeur die geleentheid om 'n inset te lewer in die voortbestaan en groei van Die Dameskring.

Die Grondwet en Reglement is ons handleiding vir die reis na môre vir die volgende twee jaar.

1. **Februarie:** Takke moet die Grondwet en Reglement deurwerk vir moontlike wysigings wat hulle wil aanbring.
2. **5 Maande voor die Beraad:** (gewoonlik teen die eerste week in Meimaand) Takke se grondwetwysigings moet aanlyn op ons webblad ingevul word **OF** op die korrekte vorm, verkrygbaar op ons webblad of by hoofkantoor, ingevul en aan hoofkantoor teruggestuur word.
3. **Junie UB-vergadering:** Die Uitvoerende Bestuur hanteer die wysigings en gee daarna terugvoer aan die takke oor die grondwetwysiging se insluiting al dan nie, asook die bewoording van elke wysiging.
4. **Middel Julie:** (gewoonlik om en by die 21ste Julie) Die finale grondwetwysigingsdokument sal op die webwerf geplaas word en aan die takke deurgegee word om te bespreek en oor hulle stem te kan besluit.
5. **Augustus:** (gewoonlik teen die eerste week van die maand) 'n Tak se afgevaardigde of verkose afgevaardigde vanuit 'n ander tak, moet op die webwerf registreer **OF** die toepaslike vorms, verkrygbaar op die webblad of by hoofkantoor, invul en dit aan hoofkantoor deurgee.
6. Die tak se stem vir elke grondwetwysiging word deur sy afgevaardigde of verkose afgevaardigde vanuit 'n ander tak, **SLEGS** op die webblad uitgebring teen die eerste week van **September**.
7. Telling geskied d.m.v. 'n wetlike, aanlyn-tellingprosedure waarna die uitslag **voor** die Beraad bekend gemaak sal word.

Daar word nêrens in die Grondwet verwys na 'n gesprekvoering tussen die lede/ takke en UB oor voorgestelde wysigings tydens die Beraad nie. Hierdie gesprek tussen die UB en die takke vind vooraf plaas indien 'n voorgestelde wysiging aangepas moet word om wetlik korrek te wees of dit teruggetrek moet word omrede dit ongrondwetlik of weersprekend is.

AKSIES:

1. Wysigingsvoorstelle moet voor of op **30 April 2021**, 5 maande voor die Beraad, aanlyn op ons webblad ingevul word **OF** op die korrekte vorm wat teen 01 April 2021 op die webblad beskikbaar sal wees, ingevul en aan hoofkantoor teruggestuur word.
2. Junie UB-vergadering: Alle wysigingsvoorstelle word evalueer waarna die finale grondwetwysigingsdokument saamgestel en op die webwerf geplaas word en aan die takke deurgegee word om te bespreek en oor hulle stem te kan besluit.
3. Hierdie dokument tesame met 'n kennisgewing in dié verband, moet teen **30 Julie 2021**, 60 dae voor die Beraad, op die webwerf geplaas en aan die takke deurgegee word.
4. **6 Augustus**: (gewoonlik teen die eerste week van die maand) 'n Tak se afgevaardigde of verkose afgevaardigde vanuit 'n ander tak, moet op die webwerf registreer **OF** op die toepaslike vorms, verkrygbaar op die webblad of by hoofkantoor, invul en dit aan hoofkantoor deurgee.
5. Afgevaardigdes en verkose afgevaardigdes stem volgens hulle mandaat van hulle takke op die webwerf in die eerste week van **September**. Die datum sal deurgegee word.
6. Die uitslag van elke Grondwetwysiging sal voor die Beraad van **01 en 02 Oktober 2021** bekend gemaak word.



Die Dameskring

Hersien en goedgekeur
Februarie 2021